LUNSKLIP 50

Beste Voortrekker Januarie 2011

LUNSKLIP SELFBEHOUDKAMP: 26 Maart - 3 APRIL 2011

Lunsklip, die oudste veldwerkkamp in Die Voortrekkers, word vanjaar vir die **vyftigste jaar** op die Percy Fyfe Natuurreservaat naby Potgietersrus aangebied. Jou lewenslange verbintenis met Lunsklip begin met die ervaring van 'n leeftyd - Selfbehoud op die enigste Veldwerkkamp slegs vir senior Verkenners. Ons nooi jou om deel te word van die trotse Lunsklip-familie.

OPLEIDING

Selfbehoud Spesiale Onderskeidingsteken (graad 11)

Selfbehoud is die proses van waarneming, waardering en bewaring van die natuur en kultuur deur die Afrikanermens in die uitvoering van sy Godgegewe kultuuropdrag om die Skepping te bewerk, te bewaak, te heers oor alles wat lewe en om ons mede-volksgenote te leer om alles te onderhou wat God ons vanuit Sy Skeppings- en Woordopenbaring beveel het. Hierdie kursus is die hart van Lunsklip en 'n hoogtepunt in die senior Verkenner se loopbaan. Die selfbehoudkursus is 'n ongeëwenaarde belewenis vir elke Verkenner en maak die deur oop na die Keurgroepbelewenis in Gr 12.

Keurgroepe (graad 12)

Verkenners wat die Keurkamp suksesvol deurloop het moet ook vir Lunsklip inskryf op die voorgeskrewe vorm.

Verkenners (graad 12)

Verkenners wat op Lunsklip 2010 Selfbehoud voltooi het maar nie in 'n keurgroep is nie, is welkom om vir hierdie groep in te skryf. Die Lunsklipoffisiere onderneem om vir jou nog 'n onvergeetlike unieke Lunsklipervaring te gee.

Kursusaanbieders (volwasse lede)

Volwasse lede wat reeds die Veldwerkspesialiseringskursus suksesvol voltooi het, en betrokke wil wees as kursusaanbieder, moet:

1. Karin Venter voor 28 Februarie by karin@helpendehand.co.za kontak vir indeling by 'n kursus.
2. Inskryf op die voorgeskrewe vorm vir offisiere.

Vervoer

Busvervoer word gereël vanaf Waterkloof Hoërskool in Pretoria. Die busgeld is uiters billik @ R150 heen-en-weer (die tolgeld vir 'n motor is baie meer heen en weer), en daarom word almal aangemoedig om bus te ry vanaf Pretoria.

Kampgelde

Graad 11	Selfbehoud	R600.00
Graad 12	Varia en Buitegroep en ander Gr 12's	R600.00
Volwassenes	Veldwerkspesialisering	R400.00
Volwassenes	Kursusaanbieders	R300.00
Busgeld		R150.00
T-hemp	(verpligtend)	R100.00

Indien 'n kommando of enige persoon bewus is van 'n Verkenner of selfs volwassene wat die kamp om finansiële redes nie kan bywoon nie, moet die Kampleier of Adj Kampleier (admin) asseblief ingelig word sodat 'n borg vir so 'n persoon gereël kan word. U hulp in dié verband sal waardeer word.

Huisvesting
Tente word vir Verkenners verskaf, maar volwasse lede sorg vir hulle eie huisvesting. Geen Verkenners bring hulle eie tente nie.

Administrasie
1. Alle opgaafvorms moet voor of op 1 Maart na die Adj Kampleier (admin) gefaks word by 086 692 3202.
2. Alle kampgeld moet voor of op 10 Maart inbetaal wees. Dit kan in die volgende rekening gedeponeer word:
   Lunsklip Selfbehoudkamp
   ABSA Bank
   Silvertontak
   Lopende rek no: 0-7015-2738
3. Die inbetalingstrokie word dan gefaks na 086 692 3202.
4. Inskrywingsvorms en opgaafvorms moet teen 10 Maart by die Adj kampleier (admin) wees. Laat inskrywings word met graagte aanvaar teen 'n addisionele R50.00 hanteringsfooi per kommando. Laat inskrywings bemoeilik die busreëlings en t-hempbestellings
5. 'n Inligtingsbrief met verdere besonderhede sal binnekort op die Lunsklip webblad gevind kan word. Geen briewe sal gepos of gefaks word nie, tensy reëlings daarvoor getref word. Die adres is www.lunsklip.org.za .
6. Moet asseblief nie huiwer om vir Janie van Heerden te skakel indien daar enige probleme met die administrasie is nie.

Kamphemp
'n T-hemp met vanjaar se unieke 50-jarige kampembleem moet bestel word op die inskrywingsvorm. Sluit asseblief die hemp se geld by die kampgeld in. Dit gebeur jaarliks dat Verkenners op die kamp spyt is as hulle nie 'n hemp bestel het nie, en daarom maak ons dit vanjaar verpligtend. U kan aansoek doen vir vrystelling om 'n t-hemp te bestel, maar onthou: Lunsklip is bekend vir 'n unieke en besonderse kamphemp elke jaar.

Samevatting van datums

Sluitingsdatum vir kursusaanbieders registrasie	28 Februarie
Sluitingsdatum vir opgaafvorms	1 Maart
Sluitingsdatum vir kampgeld en inskrywingsvorms	10 Maart
Kampdatum	26 Maart – 3 April

Die kampbestuur waardeer u moeite. Skakel gerus indien daar enige probleme of onduidelikheid is. Ons sien uit na die teenwoordigheid van elke Verkenner, Offisier en Staatmaker op Lunsklip 2011.

Kom wees meer!

Jan van Heerden
(Kampleier)

www.lunsklip.org.za
Posbus 92252,Mooikloof, 0059
Jan van Heerden (Kampleier) 083-276-6578
Janie van Heerden (Admin) 012-996-0201, 082-582-6354, janie.vanheerden@gmail.com